

Afstande

"Beskouings van hemel en hel" deur Dan Sleigh

Woordfees, 7 Maart 2013


Luister na die musiek, probeer die liriek onthou en dink wat dit kan beteken. Ek vermoed dat dit die oudste bekende lied uit die Joods-Christelike teologie is.

Dit is die vierde keer dat ek op Stellenbosch oor die boek *Afstande* praat; een keer by Protea Boekhuis en twee keer by leeskringe. Vorige kere het ek op historiese aspekte en die groot menslike avontuur gekonsentreer. Woordfees 2013 se tema is 'hemels,' hemelse sake. Ek gaan die keer toespits op die boek se teologiese ondergrond. Ek het psalm 137 waarna u so pas geluister het, geneem en uitgebrei tot dié verhaal. Wie sal so woedend skryf, en waarom sal hy so skryf? Die verhaal word gedryf en gedra deur drie totaal verskillende godsdiens-stelsels, naamlik die van Ahura-Mazda (die naturalistiese Persiese: heilig is die aarde, water, wind en vuur. Daar is geen tempels of priesters nie. U sal in die storie voorbeelde vind van hulle offerandes, soos by een geleentheid waar 'n wolf, 'n bosvark en 'n perd gelyktydig aan die vuur gegee is. By Abidos op die Hellespont is 'n tweeling by 'n brug gekruisig as offer aan die see, by Nege Weë, nege dogtertjies en nege seuntjies in pare lewendig begrawe as 'n offer aan die aarde.

Tweedens, die monoteïsties teologie van die Jode, volgens oorlewering oorspronklik van Moses, maar soos dit deur hulle in die Babiloniese gevangenskap onthou en oorvertel is -ek dink soms die hele Ou Testament kom daarvandaan- en derdens die panteïstiese goderyk van die Grieke, die uitgebreide godedom deur Homeros uit sy vrugbare duim gesuig:

Heilige hemelinge wat hulle soos stout tienerjariges gedra. (Dis my persoonlike mening, nie die van die mense wat hierdie storie vertel nie.) Drie spesiale gode kry spesiale plekke hierin, dit is JHW van die Jode, Apollo van Afstande en Afrodite, beskermheilige van soldate, aan wie die Rooibloem, die rooi papawer, gewy is. Hier is te min tyd om vandag aandag aan die vreemde of selfs bisarre komponente van al drie te wy. U sal dit wel in die boek gesien het.

Ons gaan oor relevante 'hemelse sake' praat. Wat beteken dié woord 'hemel' vir ons arme belastingbetalers? 'Uit die blou van onse hemel?' Daardie het ons verloor; net die



blou het oorgebly. Tweedens, 'hemel,' as oord of omgewing van 'n lewe hiernamaals, ook bekend as 'die paradys', soos deur kerke verkondig. Dié begrip van so 'n hemel as vaste geloofselement is vandag nog algemeen. Dit het myns insiens ook tydens die Joodse diaspora in Babilon ontstaan. Dié verhaal ondersoek dus die oorsprong van ons gesamentlike Joods-Christelike religie. Dan ondersoek die storie ook die Messiaanse profete van daardie diaspora, en hulle voorspelling dat die sogenaamde *m'shiah* of Verlosser 'n Griek sal wees, nie 'n Jood uit die stam van Dawid nie, en ook nie in enige opsig te koppel aan 'n hemelse paradys nie.

Ek glo dat my ontleding en vertolking van die Ou-Testamentiese profete, sowel as my bevinding oorspronklik en korrek is. Die boek *Afstande* is bedoel as iets Nuut, iets Anders, van Tyd, Plek en Inhoud. Iets nuut in die sin van oorspronklike denke: Een van die oorspronklike manuskrip se keurders het daarvoor geskryf: 'Dit kom te voorskyn soos 'n antieke kruik van die bodem van die Swart See.' Ek is so trots daarop.

Die begin, die storie se oorsprong, vind jy moeiteloos in ons Bybel; die Boek van Psalms is altyd daar in die middel. Die Bybel is 'n wonderlike antologie van Teologiese en Kultuurhistoriese inligting, en vir miljoene die gids of handleiding tot die hemel waarin hulle glo. Hier is 'n standaard Bybel, gebruik, soos 'n verslete monnik. Dit bestaan uit die Ou en Nuwe Testamente. Die ou Testament is 'n Joodse geskiedenis, van die Skepping af tot waar die laaste twee van Israel se twaalf stamme in ballingskap in Babilon verdwyn, in slawerny. Daar eindig die Joodse storie skielik, ongeveer 600 vC. Dan is daar 'n gaping, 'n totale stilte. Wanneer die Nuwe Testament begin, vind ons die Romeine in beheer.

[] Tussen die twee is dié gaping van omtrent 450 jaar op 'n woordelose wit blad. Wat doen ons hiermee? []Lei ons af dat daar geen ontwikkeling t.o.v. Joods-Christelike teologie gedurende dié Stilte gebeur het nie? Natuurlik was daar: Onder andere was daar planete aan beweeg -stil, tydsaam soos al duisende eeue lank - om na 'n bepaalde tyd 'n helder fakkelt in die oggendhemel te vorm wat die begin van die Christelike teologie sou merk. Onthou u die wyse manne uit die Ooste? In Babilon, waar die Joodse volk gevange was, het Chaldeeuse sterrekundiges die beweging van die planete noukeurig, nuuskierig, gevolg. Wat sou dit beteken? Wat was aan gebeur? Sou hulle nie eeue gelede na daardie Jode toe gegaan het soos ek in die boek voorstel en gevra het: 'Luister, ons het nuus vir julle. Iets belangrik is in die hemel aan gebeur. Wie is julle, vertel ons julle geskiedenis?'

Dié leë stilte, die woordelose wit blad tussen die twee testamente... is in my ervaring nog altyd deur ons in dooie stilte aanvaar, en dit bly sowel Onbevraagteken as Onbekend. Maar ín hierdie tyd, by dié afwesigheid van inligting, het dramatiese dinge van groot gevolg gebeur waarvan ons nie vertel word nie. Soos dat in daardie selfde geografiese gebied, op dieselfde verhoog waarop die Joods-Christelike geskiedenis destyds afgespeel het, tenminste twee bloedige wêreldryke bestaan en aardskuddend geval en verdwyn het: die Persiese en die van Alexandros III, die sogenaamde Grote. Waarom word ons dit nie vertel nie? Ek wou weet. Word hier iets verswyg, weggesteek, en waarom? Op daardie leë blad het ek begin werk aan 'n storie wat ek by 'n soldaat

gehoor het, oor 'n ekspedisie wat destyds verkeerd geloop het, 'n verhaal van desperate mense.

KAART: Hierdie kaart is vir lesers se gerief voor in die boek afgedruk. Die Persiese Ryk van koning Artaxerxes strek ten tye van dié storie van die Kaukasiese gebergte in die noorde tot die Indiese Oseaan, van die Indusrivier af tot die Nyl in die weste. Babilon is sy hoofstad. Die ryk is in 24 provinsies of *satrapes* verdeel, bestuur deur *satraps*. Die Ryk groei steeds, soos kanker, weswaarts. Egipte is klaar onderwêrp, sy nuwe naam is '*satrapi Mudraya*.' Daar was al twee aanvalle op Griekeland. Hulle nuwe naam lê gerêed: die *satrapi Eleni*. Naamsverandering is opsetlik en doelbewus, om sout in die wonde te vryf. Die koning se jonger broer, sy enigste broer, prins Kuros, is *satrap* van Ionië, vandag se wes-Turkye. Jong Kuros beplan 'n staatsgreep. Sy geheime wapen is 'n leër van Griekse huursoldate, tienduizend bekwame, honger, hawelose veterane van die dertigjarige burgeroorlog in hulle land. Dit is kêrels wat net vir buit en soldy baklei; 'n onromantiese oorlogsmasjien, geen onsin soos nasionalisme, patriotisme, vlag en volkslied en sulke bog vir hulle nie. Prins Kuros lei die 10 000 Grieke teen Babilon om sy broer die Koning dood te maak.

Nou, my vak (Geskiedenis) is niks anders, nooit enigiets anders, as die ontleding en vertolking van dokumente nie. Ek het daardie skoon blad gevind, en moeite gedoen om dit te ontleed en vertolk. En dit gesien as 'n kloof... 'n gaping waaroor 'n brug ontbreek. As jy 'n brug wil bou ondersoek jy eers die grond aan weerskante *deeglik*. Ek het agtertoe én vorentoe gesoek, in die Ou Testament en die Nuwe, tussen dit wat was en dit wat moet kom. So word die brug 'n oorgang van die Ou na die Nuwe Testament..., van die ou Joodse na die nuwe Christelike teologie, van die Ooste na die Weste, van Asië na Europa. Dis waar dié verhaal vir **ons** vind. Dáár word die storie deel van ons storie.

As u sou vra, gesien teen die agtergrond van die oorspronge van ons gedeelde Joods-Christelike religie, waaroor gaan die boek *Afstande*, dan sal ek sê: Oor die mens, uitgelewer aan politici. Gevolglik gaan dit oor slawerny en verlange na bevryding, oor hoop en wanhoop, oor gode, hulle profete en profesieë, fanatiese profete en hul kranksinnige profesieë, oor bygeloof en onkunde, valsheid en verraad, waarsêers en ander leuenaars. Maar deurgaans oor die mens... uitgelewer aan die tirannie van Demokrasie, benewens die tirannie van Bygeloof en die van Wetteloosheid, Wanorde ... Chaos.

Die aksie ondersoek die internasionale legende van die Swerwende Jood, wat moet bly leef tot die Verlosser eendag kom. Want in afgeleë Babilon, onder die Joodse slawe, uit Verlange om Vryheid, vanaf die ashoop van hulle sterwende kultuur, is dié bitter lied van Wraak gesing, waarna ons geluister het. Onthou dat daardie Jode eens 'n totaal onafhanklike volk was, met hulle eie land en 'n indrukwekkende geskiedenis, eie konings, unieke wette, eie kultuur, eie helde en heldinne, eie taal, 'n eie monoteïsties godsdiens. Onthou u hoe dié mense in Babilon beland het? Onthou u die profeet Jesaja se woorde aan koning Hiskia? (2de boek van die Konings, kapittel 20, amper woordeliks herhaal in die boek van Jesaja, kapittel 39: "Wat jy aan hulle gewys het, alles wat jy besit, sal hulle terugkom om weg te dra en jou seuns sal eunugs word in die paleis van

hul Koning.” Tussen hakies: ons vertalers het verkies om die woord ‘*eunoxos*’ te vertaal as ‘kamerbediendes.’ Taalkundig heeltemal korrek. So vermy jy ook moeilike vrae in die Sondagskool en katkisasieklas. Nou sit God se volk al 12 geslagte lank (24 geslagte, uit die vroulike perspektief) gevange as die slawe van ’n heidense nasie in ’n ver land. Hul mees begaafde seuns word vir kastrasie uitgesoek. Nagri die eunug het die lied geskryf wat ons as psalm 137 ken. Die woord ‘*psalmos*’ beteken om ’n snaar te pluk, harpsnaar of boogsnaar, presies so het hy dit gesing: Heimwee, of Oorlog.

Ken ons psalm 137 werklik? Ons het Boney M hier gehoor, dit drup van stroop, soos ’n koeksister. Maar dit is nie die skrywer se gevoel nie. Dit moet skerp en hard wees, in jou gesig soos ’n klip uit ’n slingervel: ‘By die riviere van Babilon...’ Nagri noem dit ‘*Die Wasvrou se lied*.’ ‘By die riviere van Babilon het ons gesit, en gehuil as ons Jerusalem onthou / Toe vra dié wat ons gevange hou / Sing vir ons van julle land...’ Wat ’n Wrede versoek! Dis hoe jy slawe martel. Hoe antwoord hy hulle? ‘Julle...Julle wat gesê het... breek Jerusalem af, slaan sy mure tot die fundamente plat... Geseënd is hy wat julle babas se skedels teen die muur verbrysel.’ Só klink Nagri se stem. So klink haat... Wraak, gemik teen onskuldige kinders. Nie mooi nie. Dis wat die verlies van vryheid, van volksidentiteit en persoonlike identiteit doen.

Dit is die woede in Nagri se hart wanneer hy uit Babilon vlug om by die Griekse huursoldate aan te sluit, want die Joodse profete, die messiaanse profete van die ballingskap, sê duidelik dat hulle verlosser ’n Griek gaan wees, en hier kom nou ’n Griekse leër op Babilon aangemarsjeer. Dit is Nagri se sending, sy opstand teen sy onderdrukker; sy doel is die verwoesting van Persië. Psalm 137 hoort op hierdie wit blad; dit is hierdie storie se ondergrond, sy temalied. Nagri se storie is die lym wat die Ou en Nuwe Testamente aanmekaar bind.

Van buite beskou is dit die verhaal van ’n lang en gevaarvolle reis, Dáár en weer terug, ’n waagstuk. Waag, tot in die vyand se gebied, tot in die hart van die bose, en oorleef... om die storie te vertel. Omdat die tema teologies is, is dit ’n verkenning van die bose, benewens ’n ondersoek na die aard van tirannie en verdrukking, en ’n ensiklopedie van die menslike tragedie, met die gevolgtrekking dat ons nooit vry sal wees nie, want ons is slawe gevange in politici se drome.

Dit gaan ook oor die opkoms van die rede, die gebruik van rede teenoor brute geweld. Gebruik rede om ’n verslae, moedlose volk te bemoedig. Gebruik rede teenoor mense wat jou met klippe wil doodgooi. Rede, om ’n skelm koning te oorreed om arm huursoldate na ’n lang winter-kampanje te betaal.

In daardie leegheid of stilte tussen die Ou en Nuwe Tyd het ek ’n storie by ’n soldaat gekry, ’n buitengewone man, wat destyds (2400 jaar gelede) sy vreemde ervarings neergeskryf het. Die ware gebeurtenis uit daardie tyd van stilte is intens beleef deur die wat daaraan deelgeneem het. Ek verwys na Xenophon van Athene en sy *Anabasis*. ‘Die Inval.’ Hy was ’n uiters godsdienstige man wat elke oggend en voor elke belangrike gebeurtenis, eers offer om sy gode se wil te hoor. Daarvolgens tree hy dan op. Selfs toe hy so arm was dat hy net water en ’n handvol hawer gehad het, het hy dit nie geëet nie,

maar geoffer. Ons sal hom seker 'n heidense afgode-dienaar noem, met heidense, afgodelike beginsels. Maar in daardie geloof laai hy 10 000 professionele soldate met geestelike krag en organiseer en lei hy hulle 'n jaar en 'n half lank deur vyandelike terrein oor duisende myle na oorlewing en vryheid. Dit is 'n wonderwerk.

Maar die brug, dit is die persoon van Nagri die Joodse eunug, die heel laaste Joodse profeet. Dit loop so: Habakuk, Safanja, Haggai, Zacharia, Maleagi, Nagri. Die laaste profeet van die ou bedeling, en die éérste profeet van 'n nuwe tyd, op soek na die hemel, deur haat gedrewe. En wat sal die gevolg van so 'n houding wees? Soms dwaal hy na aan die hemel, soms swerf hy miljoene ligjare ver daarvan. Sy inspirasie bly sy Volk se verlange na Vryheid, en sy Voorkennis van Tekens, van 'n wonderlike Ster wat 'n groot gebeurtenis gaan aandui, niks minder nie as die koms van die Verlosser. En die Verlosser gaan 'n Griek wees, dit staan daar. En dit wás, soos u weet. Lees nou weer in u Bybel van daardie bonatuurlik-begaafde messiaanse profeet, die Joodse eunug Daniel, die wonderwerker, en vergelyk hom dan met Nagri. Lees ook weer psalm 137. Die wat al hulle vryheid verloor het, sal verstaan.

Ek dank u vir u belangstelling en aandag. Is daar enige vrae of opmerkings?

*Prins Kuros se inval misluk. Op die drumpel van Babilon word hy verslaan. Die oorblywende Griekse generaals word vir onderhandelings genooi, en die laaste een vermoor. Die 10 000 huurtroepe lê daardié nag op die vlakte 1000 myl van hulle huise af, leierloos, totaal omsingel deur 'n vyand honderde male sterker, hulle voorrade geplunder. Op die rand van die Afgrond, en hulle Eie Vernietiging Gesien: Met daglig gaan hulle sterf. Wat toe gebeur is amper 'n wonderwerk: Vuur, soos vir Moses, val uit die hemel, en....

*Dié omslag: Kyk: Soldate op 'n heuwel, Almal juig, een dank sy gode, een soen die grond, hulle omhels asof hulle mekaar jare nie gesien het nie. Waaroor juig hulle? Dié triomf op die bergpiek Theke in Noordoos-Armenië oortref m.i. ander daede van menslike prestasie wat die hele wêreld trots gemaak het, waarvan Foto's bestaan, soos die van Amundsen by die suidpool in Des. 1911, toegedraai soos 'n beer teen koue en wind, die eerste mense ooit, Lindbergh na sy alleenvlug oor die Atlantiese See in 1927, oor drie dae... Hilary en Tensing op Everest in '53, nege km hoog, so hoog dat hulle moes suurstof saamdra. Bannister... in '56, sy gesig van Inspanning verwring as hy sy bors deur die lint stoot, die eerste myl onder vier minute. Armstrong op die maan: Een groot sprong vir die Mens... Dit is Oomblikke van Menslike Triomf. Dié tekening verbeeld die menslike oorwinning van Moed oor Vrees, van Uithou teen Uitputting, die oorwinning van Trou oor Verraad, oor Prinslike afguns en Koninklike bedrog. Bowenal die oorwinning van Hoop oor Wanhoop, van Orde oor Wanorde en die Goeie oor die Bose..., oor alles wat die Natuur, Gode en hulle Medemens teen hulle kon gooi, Alles wat dit hulle gekos het om te bly voortbestaan. Met dié verskil: Die 10 000 het dit met kaal hande reggekry.

*Ek moes kennis kry van hulle Afstande, in Persiese *parasang* of Griekse *stade*, die myle van veg en vlug, van kos steel, vriende begrawe, om dit in kilometers te begryp. Dan: Afstande van Tyd deur tydgrense, as jy 'n afspraak het met jou Verlosser, en hy is nie daar nie. Afstand is Verwydering: Van jou Gode, wanneer hulle nie Hoor of Antwoord nie, en jy begin verstaan wat 'godverlate' beteken... Afstande van Plek, onherbergsame sand, Ruïnes, Klippe en Sneeu, met die dood vir geselskap. Lang afstande deur die velde rooi blomme waar soldatebloed geval het. Afstande van Mense, wat jou in Slawerny hou, Bedrieg, Belieg, Verraai, Kastreer..., en met Klippe wil doodgooi.

*Afstand tussen Hulle en Ons moes ek uitwis. Want dit gaan nie nét oor die godvergete profeet Nagri se vlug saam met verslane soldate, oor hulle bloedspeer en die brandende dorpe wat hulle agterlaat nie... Ons besoek goue troonsale, beskilderde ontvangkamers, die daaglikse opelugmark, die tempel, die hawens, taphuise, die tente van soldate, die donker eetkamer van 'n herberg, 'n Stal. Dit gaan oor die Bronne van Ons kultuur: Hulle het gehou van Musiek, Sang, Gedigte, Tragedies op die Verhoog opgevoer, sierlike Beeldhouwerk, Skilderye, statige Argitektuur, fyn klere, Fyn debattering, Filosofie, die Wet, Wiskunde, sport. Ons kry dit direk van hulle. Prostitusie? Homoseksuele? Demokrasie? Ons erf dit van hulle. Moed, Geloof, Hoop, Verset teen demokrasie se Leun en Onredelikheid. Ek dink ons is nog hulle.

Jean en ek het hulle Roete gevolg, so na as moontlik. Dit was nodig om hulle trekpad en landskappe te sien. 'n Groot deel van hulle stryd was teen die omgewing. Ek wou sien wat Nagri gesien het: soos Armenië se berge in die winter, die tafel by Trapezum waarop die 10 000 gekampeer was. Die Swart Kus – waarom Swart? En Waarom was daar geen Paaie nie, dat hulle moes aanhou met moor om skepe te bekom? Of, om net kaalvoet deur die Meanderrivier te loop, soos hulle. Of om die plek te sien, by Abidus op die Hellespont, waar 'n tweeling gekruisig gehang het aan die ankerpale van 'n brug, vier dae lank, terwyl Xerxes se leër van miljoen man tussen hulle twee deur trek, van Abidus in Asië na Sestus in Europa.

*Waarom amper 600 bladsye? Dit is wat dit gekos het.... Om te oorleef, om daar op die bergpiek Theke te kan staan, en die reg te verdien om 2400 jaar later nog onthou en van vertel te word.

*Weet u watter God sy **eerste dissipels uit die vissers** gekies het? Ook Apollo van Afstande, na wie hierdie boek genoem is.

***NIE n Geskiedenis:** let op wat ek weggelaat het, verander het. Alles is duidelik: die Booshede is nie uit Amerika ingevoer nie maar is eie aan die mens, die Goed en Wysheid is eie aan die mens.

***Kunaxa**, net buite Bagdad, die stad van '1001 Nagte,' omtrent waar die Saddam Hussein Lughawe was.

*Die einde is n begin.

*Ek skryf vir die vermaak van gewone lesers, ek volg nie literêr-teoretiese voorskrifte... behalwe die van Thomas Mann: moenie jou lesers moeite aandoen nie, vermaak hulle. (Dood in Venesië)

*Dit het **geen pretensie** om anders as 'n storie te wees nie, geen diep sielkundige ondertone.

*Ek probeer bydra tot die **evolusie vd Afrikaanse novelle**. Glo dit is nodig en belangrik. oor die Lewe: gelyktydig Belangrik en so Sinloos.

*Ek is n eerlike materialis.

**Eilande*: 'erfstuk soos familiebybel'

*

Woordfees: 7 Maart 2013

Kyk Kaart

G m, D&H: Ek wil eers die Formele deel afhandel, die Bekendstelling. Dan die informele, die Interessante Vrae. Ons het tyd: Valkenburg het my die oggend afgegee.

Afstande is bedoel as iets Anders, van Inhoud, in Tyd en van Plek. Iets Nuut in die sin van onbekend, en Vreemd: Een van die keurders het daarvoor geskryf: Dit kom te voorskyn soos 'n antieke kruik van die bodem van die Swart See.

Van buite beskou is dit die verhaal van 'n reis, Dáár en Weer Terug, 'n Avontuur. Waaq... tot in die vyand se gebied, tot in die Hart van die Bose en Oorleef... om die storie te vertel. Binne-in is meer... oor ons soort: Mense. Verlei, Veroordeel en Verdoem is... Omdat hul Mens is. Soos ons Gewoon, Ongewoon, in ellendige omstandighede en aaklige beproewing, Uitgelewer aan, Strydend teen, Regerings, onbekende én bekende Gode, die Natuur en hul eie mislike Menslike Toestand.

Die storie se oorsprong vind jy in die Bybel. Die Bybel is 'n wonderlike antologie van Teologiese en Kultuurhistoriese inligting. Hier... is 'n standaard Bybel, verslete soos 'n gebruikte ... monnik. Dit bestaan uit die Ou en Nuwe Testamente. Die ou T. is 'n Joodse geskiedenis, van die Skepping af tot waar hulle in Ballingskap verdwyn, in Slawerny, in Babilon. Dan is daar 'n Gaping. Wanneer die Nuwe Testament begin, vind ons die Romeine in beheer. [] Tussen die twee is dié gaping van omtrent 450 jaar. 'n Leë wit blad, en Stilte... Lei ons af dat geen ontwikkeling t.o.v. Joods-Christelike teologie in dié Stilte gebeur het nie? [] Natuurlik was daar: Onder andere was Sterre in die naglug én

Bedags (onsigbaar) ...Stil, Tydsaam soos al duisende eeue lank, aan Beweeg... áán... Na 'n bepaalde tyd om 'n teken te vorm wat die begin van die Christelike teologie sou merk. In Babilon het sterrekundiges die beweging in die sterre Noukeurig, Nuuskierig, doggehou. Wat sou dit beteken? Wat was aan gebeur?

Nou, my vak (Geskiedenis) is niks anders, Nooit Enigiets Anders, as die ontleding en vertolking van dokumente nie. Ek het daardie leë blad ontleed en vertolk. En dit gesien as 'n gaping waaroor 'n Brug ontbreek, 'n soort Oorgang van die Joodse na die Christelike teologie, van die Ou na die Nuwe Testament... Tussen 'Ou bedeling' en 'Nuwe.' Uit die Ooste na die Weste... van Asië na Europa. In daardie Stilte tussen die Ou en Nuwe Tyd het ek 'n storie begin wat ek by 'n soldaat gekry het, 'n Buitengewone man, wat destyds (2400 jaar gelede) sy vreemde ervarings neergeskryf het. Sy storie het die millennia oorleef, dit het selfs sy Gode oorleef. Ek verwys na Xenophon van Athene en sy *Anabasis*. 'Die Inval'.

KAART: Net 'n stukkie Kronologie nou. (A! Kronos, God van Tyd. Xenophon se gode is nóg deel van ons taal en verwysingsveld.) Die Persiese Ryk strek ten tye van dié Wit Blad, hierdie Stilte ... van die Kaukasiese Gebergte in die noorde tot die Indiese Oseaan, van die Indus af tot die Nyl in die weste. Babilon is sy hoofstad. Die ryk is in 24 provinsies of satrapes verdeel, bestuur deur satraps. Die Ryk groei steeds, soos kanker, Weswaarts. Daar was al twee aanvalle op Griekeland. Hulle nuwe naam lê geréed: die *satrapi Eleni*. Egipte is klaar onderwêrp, sy nuwe naam is '*satrapi Mudraya*.' Naamverandering is opsetlik. Dit vryf sout in die wonde. Prins Kuros, die koning se jonger broer, sy enigste broer, is satrap van Ionië (vandag se wes-Turkye). Jong Kuros beplan 'n staatsgreep. Sy geheime wapen is 'n leër van Helleense huursoldate, bekwame, honger en hawelose veterane van die dertig-jarige burgeroorlog in hulle land. Dit is mense wat net vir soldy en buit baklei: Geen patriotisme, nasionalisme, volkslied, vlag, sulke Onsin nie. Prins Kuros lei die 10 000 teen Babilon om sy broer die Koning dood te maak.

En in afgeleë Babilon, onder die Joodse slawe, is 'n bitter lied gesing, een van Haat en Wraak en Verlange om Verlossing en Vryheid. Ons ken dit as psalm 137. Nagri die Jood noem dit 'Die Wasvrou se Lied.' Ek het dáárdie tydgenootlike dokumentjie ook ondersoek en vertolk: U ken dit miskien? 'By die riviere van Babilon...?' Ironies ken ons dit Heel Beste in sy stroperige vorm, met Boney M se stemmetjies wat suiker drup, net soos 'n... Koeksister: *By the waters of Babilon / There we sat down / and yea we wept / When we remember Sion*. 'By die riviere van Babilon het ons gesit, en gehuil as ons Jerusalem onthou / Toe vra dié wat ons gevange hou / Sing vir ons van julle land...' Wat 'n Wrede versoek! Dit is hoe jy slawe martel. Hoe antwoord ons? 'Julle...Julle het gesê Breek Jerusalem af, Slaan sy mure tot die Fondamente plat. So, geseënd hy, wat julle babas se skedels teen die muur verbrysel.' Só eindig Ps 137. Nie mooi nie, maar so menslik. Dit is die woede in Nagri se hart wanneer hy uit Babilon vlug om by die Grieke aan te sluit, want die Joodse profete sê duidelik dat hulle Verlosser 'n Griek gaan wees. Ek het ps.137 met Xenophon se hulp tot dié verhaal uitgebrei. Die psalm is hierdie storie se ondergrond, sy temalied.

Nagri self is die brug, Vorentoe én Agtertoe. Tussen die Oue en Nuwe wat ek gesoek het: Die heel laaste Joodse profeet, Eerste profeet van 'n nuwe tyd. Sy inspirasie is sy Mense se verlange na Vryheid, en sy profetiese Voorkennis van Tekens, van 'n wonderlike ster wat 'n groot gebeurtenis, niks minder nie as die koms van die Verlosser, gaan aandui.

Maar prins Kuros se inval misluk. Op die drumpel van Babilon word hy verslaan. Die oorblywende Griekse generaals word vir onderhandelings genooi, en die laaste een vermoor. Die 10 000 huurtroepe lê daardie nag op die vlakte 1000 myl van hulle huise af, totaal omsingel deur 'n vyand honderde male sterker, hulle voorrade geplunder, leierloos. Op die rand van die Afgrond, en hulle Eie Vernietiging Gesien: Met daglig gaan hulle sterf. Wat toe gebeur is amper 'n wonderwerk: Vuur, soos vir Moses, val uit die hemel.

Dié omslag: Kyk: Soldate op 'n heuwel, Almal juig, een dank sy gode, een soen die grond, hulle omhels asof hulle mekaar jare nie gesien het nie. Waaroor juig hulle? Dié tekening verbeeld die oorwinning van Moed oor Vrees, van Uithou en Volhard teen uitputting en pyn, die oorwinning van Trou oor Verraad, Prinslike afguns, Koninklike bedrog. Bowenal die oorwinning van Hoop oor Wanhoop, Orde oor Wanorde en die Goeie oor die bose. Dié triomf op die bergpiek Theke in Noordoos-Armenië oortref m.i. ander daade van menslike prestasie wat die hele wêreld trots gemaak het, waarvan Foto's bestaan, soos die van Amundsen by die suidpool in Des. 1911, toegedraai soos 'n beer teen koue en wind, die eerste mense ooit, Lindbergh na sy alleenvlug oor die Atlantiese See in 1927, oor drie dae... Hilary en Tensing op Everest in '53, nege km hoog, so hoog dat hulle moes suurstof saamdra. Bannister... in '56, sy gesig van Inspanning verwring as hy sy bors deur die lint stoot, die eerste myl onder vier minute. Armstrong op die maan: Een groot sprong vir die Mens... Oomblikke van Menslike Triomf ... soortgelyk aan dié toneel, oor alles wat die Natuur, Gode en hulle Medemens teen hulle kon gooi, Alles wat dit hulle gekos het om te bly voortbestaan. Met dié verskil: Die 10 000 het dit met kaal hande gedoen.

Jean en ek het hulle Roete gevolg, so na as moontlik. Dit was nodig om hulle trekkpad en landskappe te sien. 'n Groot deel van hulle stryd was teen die omgewing. Ek wou sien wat Nagri gesien het: soos Armenië se berge in die winter, die tafel by Trapezum waarop die 10 000 gekampeer was. Die Swart Kus – waarom Swart? En Waarom was daar geen Paaie nie, dat hulle moes aanhou moor om skepe te bekom? Of, om net kaalvoet deur die Meanderrivier te loop, soos hulle. Of op die plek te staan, by Abidus op die Hellepont, waar 'n tweeling gekruisig gehang het aan die ankerpale van 'n brug, vier dae lank, terwyl Xerxes se leër van miljoen man tussen hulle twee deur trek, van Abidus in Asië na Sestus in Europa.

Ek moes kennis kry van hulle Afstande, in Persiese *parasang* of Griekse *stade*, die myle van veg en vlug, van kos steel, vriende begrawe, om dit in kilometers te begryp. Dan: Afstande van Tyd deur tydgrense, as jy 'n afspraak het met jou Verlosser, en hy is nie daar nie. Afstand is Verwydering: Van jou Gode, wanneer hulle nie Hoor of Antwoord nie, en jy begin verstaan wat 'godverlate' beteken... Afstande van Plek, onherbergsame

sand, Ruïnes, Klippe en Sneeu, met die dood vir geselskap. Lang afstande deur die velde rooi blomme waar soldatebloed geval het. Afstande ook van Mense, wat jou in Slawerny hou, Bedrieg, Belieg, Verraai, Kastreer..., en met Klippe wil doodgooi.

Afstand tussen Hulle en Ons moes ek uitwis. Want dit gaan nie nêr oor die godvergete profeet se vlug saam met verslane soldate, oor hulle bloedspoor en die brandende dorpies agter hulle nie... Ons besoek goue troonsale, beskilderde ontvangkamers, die mark, die tempel, die hawe, taphuis, tent van 'n soldaat, eetkamer van 'n herberg, Stal. Dit gaan oor die Bronne van Ons kultuur: Hulle het gehou van Musiek, Sang, Gedigte, Tragedies op die Verhoog opgevoer, sierlike Beeldhouwerk, Skilderye, statige Argitektuur, fyn klere, Fyn debattering, Filosofie, die Wet, Wiskunde, sport. Ons kry dit direk van hulle. Prostitusie? Demokrasie? Homoseksuele? Ons erf dit van hulle. Moed, Geloof, Hoop, Verset teen demokrasie? Ek dink ons is nog hulle.

Tafelberg Uitgewers. Die bestuur, vir die Waagstuk om in hierdie mark Boeke te publiseer, Hardeband nogal, met Stofomslag, mooi Kaarte voor en agter, want dit sê iets oor 'n boek se Karakter en Integriteit. Aan uitgewer Riana Barnard, met al die toewyding, ervaring en kennis, die vaardigheid van 'n kunstenaar, altyd behulpsaam, geduldig. Redakteur Francois Smith, vir sy geesdrif en aanmoediging, ook sy uithouvermoë, het ek die grootste waardering, én respek vir sy merkwaardige talent: 'n slawedrywer wat jou laat lus kry om te werk'. Dankie aan julle twee wat help skaaf en timmer het, in besonder. En aan die taalhervormers, ontwerpers en tegnisië in Tafelberg se diens.

Dankie vir keurverslae: Dr Helena Scheffler, kultuurhistorikus, kenner van antieke sedes, sosiale stelsels, stede. Vriend van jare. Eerste, soos Vorige Keer, om die ms te sien toe dit omtrent net rou boumateriaal was. Belangrik, soos twee vriendelike Teoloë en twee befaamde Letterkundiges, Ek was Bevoorreg om sulke aanmoediging te hê. My dogter Jean, verkenner, Gids, fotograaf, Rekenaarmeester en Rekenmeester, motorbestuurder op ver paaie, ook plekke waar nie paaie is nie, Lekker geselskap, Lewenslank dankbaar.

Wie nog bedank? Valkenburg, natuurlik, wat my die oggend af gegee het.

Vir dié geleentheid bedank ek u as gaste vir u belangstelling op 'n wintersaand, mnr Kemp die organiseerder, die personeel van Lobby Books en die restaurant vir die fasiliteite. By die vorige keer, die Boekefees, het ek die Uitgewer, Tafelberg, bedank vir die Waagstuk om in hierdie mark Boeke te publiseer, Hardeband nogal, met Stofomslag, mooi Kaarte voor en agter, want dit sê iets oor 'n boek se Karakter en Integriteit. Spesifiek Riana en Francois. Ook die twee streng kritiese keurders, die twee teoloë (oor die profete van die Ballingskap en die Verlossingsteologie), my dogter Jean en my vriend Helena, kultuurhistorikus, kenner van antieke sedes en sosiale stelsels. Wie se hulp en aanmoediging almal leef in die hart van hierdie boek waar die Rooi Blomme groei.

Kunaxa, net buite Bagdad, die stad van '1001 Nagte,' omtrent waar die Saddam Hussein Lughawe was.

'Klearkos ruk Menon se goue wynbeker uit sy hand en kap sy oogbank daarmee oop, dat die vel 'n oomblik wit krul en dan donkerpers bloed tap. "Kom, kom, kom, poeftertjie," nooi hy en wink Menon nader met die vingers van sy duimlose linkerhand en staan met sy dolk gereed en wag.' (pp. 74-75)

'Kuros laat die tuiniers en oppassers soek en doodslaan, hy laat sy soldate die waterleidings van die spuitfonteine uitgrawe om dit te breek, hy laat die wit poue en die takbokkies doodmaak, die bome en die donkergroen struik oortrek van wit, geel en rooi rose, laat hy uitkap. "Nou kan sy sonbesies vir hom van die grond af sing," sê hy.' (p.102)

"Maar nou in my geval," spog Panos, "kyk, staan die maantjie skeef diékant toe en die tapper sê: 'Oom Panos, gaan huis toe, die tante gaan kwaad wees.' Dan sê ek net: 'Nee wat, boet. Vry net jou vrou behoorlik dan sal sy altyd vir jou lief wees.' " (p. 357)

'Sy styl is soos smeewerk, woorde tot frases, frases tot sinne met spraakritmes; as jy dit stadig lees moet jy 'n tempelpriester se inkantasie kan hoor: *Ek is Nagri die Jood. Ek is die swaard, die pyl wat vlieg. Ek is die engel gestuur om julle kinders se skedels teen mure te verbrysel. Ek is die doodskadu. Waarheen vlug julle? Daar is geen skuiling nie.*' (p. 16)

Groete.